Brief 4

Kennisgewing aan versoeker met betrekking tot oorplasing: Artikel 20(5)

Verw.no. : ***Inrigting se briefhoof***

Navrae :

KENNISGEWING VAN DIE OORPLASING VAN U VERSOEK OM TOEGANG TOT 'N REKORD INGEVOLGE ARTIKEL 20(5) VAN DIE WET OP BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING, 2000 (WET 2 VAN 2000)

Ek verwys na u versoek om toegang tot rekords van hierdie inrigting gedateer _____.

Ingevolge artikel 20(5) van bogemelde Wet word u hiermee in kennis gestel dat die inrigting nie in staat is om toegang tot die rekord aan u te verleen nie vanweë die volgende rede(s):

1. Die rekord is nie in besit of onder die beheer van hierdie inrigting nie, maar in die besit van 'n ander openbare liggaam, naamlik _____.

2. Die onderwerp van die rekords hou meer verband met die funksies van 'n ander openbare liggaam, naamlik _____ as met die funksies van hierdie inrigting.

3. Die rekord bevat handelsinligting waarby 'n ander openbare liggaam, naamlik _____, meer handelsbelange as hierdie inrigting het.

4. Die rekord is nie in besit of onder die beheer van hierdie inrigting nie, en dit is nie bekend in watter openbare liggaam se besit of beheer dit is nie, maar dit is deur 'n ander openbare liggaam opgestel naamlik, _____.

5. Die rekord is nie in besit of onder die beheer van hierdie Inrigting nie, en dit is nie bekend in watter openbare liggaam se besit of beheer die rekord is nie, maar dit is aanvanklik deur 'n ander openbare liggaam ontvang, naamlik _____.

6. Die onderwerp van die rekord staan nie in noue verband met die funksies van hierdie inrigting nie en dit is nie bekend of die rekord meer verband hou met die funksies van 'n ander openbare liggaam nie, maar dit is deur 'n ander openbare liggaam opgestel, naamlik _____.

7. Die onderwerp van die rekord staan nie in noue verband met die funksies van hierdie inrigting nie en dit is nie bekend of die rekord meer verband hou met die funksies van 'n ander openbare liggaam nie, maar dit is aanvanklik deur 'n ander openbare liggaam ontvang, naamlik _____.

U versoek om toegang tot die betrokke rekord is dus ingevolge artikel 20 van bogemelde Wet na die Inligtingsbeampte by die ondergenoemde adres oorgeplaas:

Naam van Openbare Liggaam: _____

Adres: _____

_____

_____

_____

Bogenoemde Inligtingsbeampte behoort binne 30 dae** na ontvangs van die oorgeplaasde versoek uitsluitsel aan u te gee.

ADJUNK-INLIGTINGSBEAMPTE
DATUM:

**Meld wat van toepassing is.*
***Sien artikel 87 van bogemelde Wet: 1ste jaar nadat Wet in werking getree het: 90 dae, 2de jaar 60 dae en 30 dae daarna.*